higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N110**(A)**(M24)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

KINDERGESONDHEID N4

(9070244)

24 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KINDERGESONDHEID N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Normale swangerskap duur … weke.

A 40
B 36
C 6
D 28

1.1.2 Die spysverteringstelsel begin in die …

A maag.
B ingewande.
C mond.
D keel.

1.1.3 Watter EEN van die volgende is NIE 'n normale slaapmiddel vir 'n swanger vrou nie?

A Warm melk
B 'n Ontspannende bad
C Slaappille
D Strelende musiek

1.1.4 Dui die VERKEERDE riglyn vir bottelvoeding aan:

A Ontsmet hande en oppervlakke voor en na voedings.
B Hou steriliseerhouers dig en buite kinders se bereik.
C Deel bottels en tiete tussen babas slegs indien daar 'n tekort bestaan.
D Elke baba moet sy/haar eie bottels en fopspene hê.

1.1.5 'n Oormatige hoeveelheid oorwas kan gehoorverlies veroorsaak. Behandeling van so 'n gesondheidsprobleem is om ...

A die oorkanaal met seep en water skoon te maak.
B oorpluisies met watte, haarknippies of ander voorwerpe te gebruik om te probeer om die was los te maak.
C olie, soos kasterolies, in die oor te gooi.
D oordruppels slegs te gebruik indien dit deur 'n dokter voorgeskryf word.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 'n Praktiese en doeltreffende manier om die badwater vir 'n baba/peuter te toets, is om …

A 'n mediese termometer te gebruik.
B die water met jou elmboog te toets.
C die water met jou hand te toets.
D die baba in die water te sit en as die baba huil, weet jy dat die water is te warm.

1.1.7 Die kop-en-boudemetode verwys daarna om …

A die baba van kop tot tone te bad.
B die baba se boude skoon te maak nadat die doek geruil is.
C slegs die baba se kop, gesig en boude te was.
D die baba se hele lyf af te vee voordat hy/sy huis toe gaan.

1.1.8 Die beste materiaal om babaklere van te maak is …

A wol.
B akriel.
C nylon.
D 'n katoekmengsel.

1.1.9 Op hoeveel maande kraamverlof is Suid-Afrikaanse ma's gewoonlik geregtig?

A Twee
B Ses
C Een
D Vier

1.1.10 Daar is … sagte area(s) op 'n baba se kop wat fontanelle genoem word.

A twee
B drie
C vier
D een

1.1.11 'n Basiese uitset vir 'n pasgebore baba sal die volgende NIE insluit nie:

A Komberse
B Handdoeke
C 'n Klein, sagte kussinkie
D Doeke

Kopiereg voorbehou

1.1.12 'n Nadeel van bottelvoeding is dat …

A dit tot stutvoeding (prop feeding) kan lei.
B die baba vinniger en vir 'n langer tyd versadig is.
C die ma nie ingeperk word nie.
D die pa ook by die voedingsproses betrek kan word.

1.1.13 'n Moontlike probleem met borsvoeding is …

A ekseem.
B mastitis.
C swak voeding.
D voedsel- en melkhigiëne.

1.1.14 'n Nasorgsentrum behoort 'n gesondheids-en-veiligheidsbeleid te hê wat aspekte dek soos …

A uitsluitingsperiodes vir kinders wat aan aansteeklike siektes en infeksies ly.
B rehabilitasie.
C opvoedkundige aktiwiteite.
D kultuur.

1.1.15 'n Sosiale faktor wat die gesondheid van 'n kind direk beïnvloed is …

A die weerstoestande (klimaat).
B saamgedronge lewensomstandighede.
C bakterië en virusse.
D waar die kind se konsentrasievlakke laag is.

1.1.16 Die spysverteringstelsel sluit die … in.

A longe
B bronchi
C slukderm
D hart

1.1.17 Die korrekte badprosedure vir die ouer peuter of kleuter is om …

A die kleuter toe te laat om in die bad te staan solank daar 'n mat in die bad is.
B die kleuter vir 'n kort rukkie in die water te los om goed te gaan haal.
C die kleuter se hande en gesig met seep te smeer en hom/haar goed af te spoel.
D die kleuter toe te laat om vir 'n rukkie met spesiale waterspeel-goed te speel.

Kopiereg voorbehou

1.1.18 Wanneer vaste kos aan 'n baba bekendgestel word, moet daar in gedagte gehou word dat …

A klein hoeveelhede sout en suiker by die baba se kos gevoeg mag word.
B eierwitte aan 'n baba wat jonger as 12 maande is gevoer mag word.
C jy met klein hoeveelhede kos, soos 'n lepelvol, op 'n keer moet begin.
D botter en margarien gereeld gebruik moet word.

1.1.19 Die persoon in die gesonheidspan wat daarvoor verantwoordelik is om terapie aan kinders met gedrags- of kognitiewe probleme te verskaf is die …

A arbeidsterapeut.
B spraakterapeut.
C kindersielkundige.
D oudioloog.

1.1.20 'n Gesonde kind kan aan EEN van die volgende eienskappe uitgeken word:

A Holisitese ontwikkeling is beïnvloed
B Moontlike veranderinge in toiletgewoontes
C Gelykmatige en eweredige groei
D Is futloos en slapering

(20 × 1) (20)

1.2 Kies 'n woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Inflamasie in borsweefsel is gewoonlik die gevolg van 'n geïnfekteerde of verstopte melkklier	A	nylon
		B	kwarantyn
1.2.2	Die stelsel wat al die liggaam se reaksies op interne stimuli en dié uit die omgewing reguleer	C	senuweestelsel
		D	immunisering
1.2.3	Wanneer 'n baba op sy/haar maag en bors lê met die gesig na die kant toe	E	mastitis
		F	plat posisie
1.2.4	'n Wetsbeperking wat mense en diere tot 'n bepaalde gebied beperk om die verspreiding van kieme te voorkom		
1.2.5	Uiters vlambaar, nie deurlaatbaar nie en is nie absorberend nie		

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Kraam bestaan uit drie fases.

1.3.2 Soutsuur in die maag breek voedsel verder af en vernietig kieme.

1.3.3 Normale liggaamstemperatuur is 40 grade Celsius.

1.3.4 Ons respiratoriese stelsel help ons om koolstofdioksied in te asem en suurstof uit te asem.

1.3.5 Nikotien verlaag die lewering van suurstof aan die liggaam en die ongebore baba.

1.3.6 'n PAP-smeer kan gedoen word om ses weke na die geboorte vir servikskanker en ander infeksies te toets.

1.3.7 'n Simptoom van kwasjiorkor is 'n bultende buik.

1.3.8 Baie bottelbabas ly dikwels aan hardlywigheid omdat baie melkformules nie met yster verryk is nie.

1.3.9 Aktiewe immuniteit word tydens swangerskap en borsvoeding vanaf die ma na die baba oorgedra.

1.3.10 Dit is 'n teken dat die baba voldoende voeding of genoeg melk inneeem wanneer die baba in 24 uur 6 tot 10 nat doeke het.

(10 × 1) (10)

1.4 Gee EEN woord/term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

involusie; holistiese ontwikkeling; Keisersnee; kwasjiorkor; gemeenskapsgesondheid; draers; immuniteit; marasmus; stuitgeboorte (breach delivery); mekonium; sakrefleks

1.4.1 'n Persoon wat 'n siekte na 'n ander persoon oordra sonder om self die simptome van die siekte te toon

1.4.2 'n Voedingsprobleem wat kan voorkom wanneer kinders nie voldoende koolhidrate, proteïene en vette inneem nie

1.4.3 'n Chirurgiese prosedure waardeur die baba deur 'n sny in die ma se buik en uterus gebore word

1.4.4 Die posisie waarin 'n baba met die boude of voete eerste gebore word

Kopiereg voorbehou

1.4.5 Die ontwikkeling van die kind in geheel: fisies, sosiaal, moreel, seksueel, ens.

1.4.6 Die proses waardeur die uterus saamtrek en na ses weke ná die geboorteproses na die normale posisie terugkeer

1.4.7 Die gesondheid van 'n groep mense wat saam in dieselfde gebied woon en die optrede en toestande wat die gesonheid van hierdie groep mense beskerm en verbeter

1.4.8 Die verdedegingstelsel in die liggaam wat infeksie bestry

1.4.9 Sodra die baba begin suig word 'n hormoon in die brein afgeskei wat veroorsaak dat melk van die melkkliere na die tepels vloei. Die hormoon mag selfs afgeskei word wanneer die ma 'n baba hoor huil. Die begin van die proses word ... genoem.

1.4.10 Die baba se stoelgange tydens die eerste drie dae na geboorte wat taai is en soos teer lyk

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

Massabegrafnis na die vernietigende modderstorting in Sierra Leone

Volgens nuusberigte was die onlangse vloede in Sierra Leone die ergste wat hulle nog beleef het. Meer as 400 mense is dood terwyl 600 steeds vermis word. Modderstortings het dorpe verwoes. Huise is vernietig en mense het net die klere aan hul lywe oorgehad.

As gevolg van die liggame wat aan die hitte blootgestel is, het siektes soos cholera die mense van Sierra Leone bedreig. Die regering het oorlewende familielede versoek om die gestorwenes soos spoedig moontlik te begrawe.

'n Uitbreking van Ebola hou 'n ernstige gevaar is, en met nog reën wat verwag word, kan die situasie verder vererger. Organisasies soos die Rooikruis is vir dringende hulp genader.

2.1.1 Noem VYF onmiddellike gemeenskapsbehoeftes wat deur die bogenoemde ramp beïnvloed is. (5)

2.1.2 Noem VIER maniere waarop siektes versprei word. (4)

2.1.3 (a) Noem TWEE maniere waarop 'n siekte die liggaam binnekom. (2)

(b) Gee TWEE voorbeelde vir elkeen van die maniere wat in VRAAG 2.1.3 (a) genoem is. (2 × 2) (4)

2.1.4 Besoedeling is 'n bedreiging vir ons omgewing.

Noem DRIE tipes besoedeling. (3)

2.1.5 Gee TWEE voorbeelde van elk van die tipes besoedeling wat in VRAAG 2.1.4 genoem is. (2 × 3) (6)

2.2 Noem die SINTUIG en die ORGAAN wat met elk van die volgende verband hou:

2.2.1 Visueel

2.2.2 Olfaktories

2.2.3 Ouditief

2.2.4 Smaak

2.2.5 Gevoel

(5 × 2) (10)

2.3 Verduidelik die metode wat gevolg moet word wanneer 'n bottel voorberei word om 'n baba te voed. (10)

2.4 'n Hardlywige baba huil tydens stoelgang.

Noem DRIE maniere waarop hierdie gesondheidsprobleem behandel kan word. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die term *onmiddellike spening*. (2)

3.2 Verduidelik VIER maniere waarop 'n werkende ma borsvoeding kan hanteer. (4 × 2) (8)

3.3 Noem VIER vereistes waaraan kraamdrag moet voldoen. (4)

3.4 Sekere aspekte moet in ag geneem word wanneer peuters en kleuters geklee word.

Verduidelik VYF veiligheidsvereistes van babaklere. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

3.5 Noem SES nadele van handdoekstofdoeke. (6)

3.6 Noem twee stappe wat by die was en sterilisering van doeke gevolg moet word. (12)

3.7 Verduidelik VIER maniere waarop 'n versorger wat met kinders werk haarself teen siektes kan beskerm. (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Noem VYF belangrike voedingsvereistes vir die verwagtende ma. (5)

4.1.2 Noem waarom elk van die voedingsvereistes wat in VRAAG 4.1.1 genoem is vir die ma/kind se gesondheid belangrik is. (5)

4.2 Noem die DRIE stappe waarvolgens toetsweging van 'n baba plaasvind. (3)

4.3 Noem VYF stappe waarvolgens vaste kos aan 'n baba bekendgestel word. (5 × 2) (10)

4.4 Noem VIER organe in die urienstelsel. (4)

4.5 Beskryf SES stappe by die gebruik van 'n vierkantige of reghoekige doek om 'n baba toe te draai. (6)

4.6 Noem VYF maniere waarop die versorger die verspreiding van kieme in die dagsorgsentrum kan beperk. (5 × 2) (10)

4.7 Noem VIER voordele van gereelde, ligte oefening vir die verwagtende ma. (4)

4.8 Noem die doel van elk van die volgende items wat vir borsvoeding benodig word:

4.8.1 Borsvoedingsbra

4.8.2 Voedingslappies

4.8.3 Tepelroom

(3 × 1) (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou